*V.E. d'Assonville*

# AUGUSTINUS SE *DE CIVITATE DEI* IN HISTORIESE PERSPEKTIEF

Op 24 Augustus in die jaar 410 n.C. het daar iets plaasgevind wat nie alleen in die destydse wêreld 'n verskriklike, skokkende gebeurtenis was nie maar ook vir die Christendom, en met name die kerk, onberekenbare gevolge gehad het: Die magtige Rome het geval! Op daardie dag het die Gote met hulle koning Alarik die eertyds gevierde hoofstad van die hoog geroemde Romeinse Ryk ingeneem en dit met hulle hordes geplunder. Na twaalf eeue om presies te wees: 1 163 jaar na sy stigting – het Rome ondergegaan.[1] En daarmee het 'n mite van twaalf eeue ondergegaan.[2] Daarmee het 'n eeue-oue heidense staatsfilosofie ook ineengestort. Maar, meer nog, met die val van Rome in die begin van die vyfde eeu het die gangbare beskouing van die kerk dramaties, heeltemal ingetuimel.

Die mite rondom die stad Rome het gaandeweg deur die eeue vir sy burgers soos 'n vervulde professie begin lyk. O, die magtige Rome ... „Roma aeterna", die ewige Rome – dit was die stad van mense wat hulle as die uitverkorenes geag het om met die „Pax Romana" (die Romeinse orde) die septer oor die wêreldvolke te swaai. Hierdie met bloedbevlekte vrederyk, hierdie uitverkore verheerlikte staat was die glansryke ideaal waarvoor die Romein vir niks ter wêreld teruggedeins het nie. Hierdie staatspolitiek moes selfs met geweld deurgevoer word.[3]

En hierdie mite van die ewige Romeinse staat, so het hulle eeue lank geglo, is deur die staat se gode gedra. Hulle groot geskiedskrywer Livius het aan hulle geleer dat die gode die opkoms van hulle ryk begeer, en hulle digter Vergilius het kort voor die geboorte van Christus die beskikking van die gode oor Rome in 'n epos besing. En so was die roem van die Romeinse staat vir sy burger die roem van hulle gode.

Maar in die vierde eeu na Christus het daar met die staat Rome 'n ingrypende wonder plaasgevind: in 380 word die heidense gode amptelik deur die Romeinse staat verwerp en in die plek daarvan kom die God in Jesus Christus. In terme van Openbaring 13 het die dier uit die see 'n dodelike wond aan een van sy sewe koppe ontvang (Openb. 13:3). Die Christelike gods-

diens word onder keiser Theodosius staatsgodsdiens – in die plek van die heidense tempel kom die Christelike kerk. In die plek van die heidense staat kom nou jou werklik waar 'n sogenaamde Christelike staat.

Maar slegs 30 jaar daarna, binne een geslag, val Rome onder die aanslag van die Gote. En, let wel, hierdie Gote was nie totaal blinde heidene nie, hulle was nie sonder 'n sterk dosis van die Ariaanse Christendom nie. Begryplik was die verwarring oor die val van die sogenaamde Christelike staat nog soveel erger. Dat die „ewige stad" juis toé moes ondergaan – dit was die grootste skok en teleurstelling vir sowel heidene as Christene. Vir heiden en Christen het die val van Rome in 410 soos 'n oordeelsdag gekom.[4]

Waar hierdie katastrofe die heiden vervul het met 'n nuwe argwaan en siniese verwyt teen die Christendom en die Christelike God wat volgens hulle misluk het, daar het die kerkmense weer in die ontstellende greep van pessimisme en geloofstwyfel verval. Die kerk is opnuut deur 'n algemene ondergangstemming bedreig, en die onheilspellende gevaar van bloedige vervolgings, martelaarsarenas en katakombes het hulle in die gesig gestaar. Die kerk het hom dan nou juis onder hierdie nuwe, gewaande staatspolitiek na Konstantyn so veilig gevoel! So erg was die skok onder die Christene tot in die verste uithoek van die Romeinse Ryk dat die beroemde kerkvader en Bybelvertaler Hieronimus in sy klooster in Betlehem in paniek uitgeroep het:

> „Die lig is gedoof. In hierdie een stad wat in die hande van die barbare geval het, is die hele mensheid in sy ondergang meegesleeur" [5]

Selfs twee jaar daarna was Hieronimus nog so ontsteld oor die val van Rome dat dit vir hom gevoel het asof hy sy geheue verloor het en hy eenvoudig nie meer met sy kommentaar oor die boek Esegiël kon voortgaan nie. Rome se val en daarmee die opvatting wat hy van die „Christelike staat" gehad het, het gemaak dat hy 'n tyd lank niks meer kon doen nie. Hieronimus kon nog net oor die stad Rome treur.[6]

En in Noord-Afrika was die biskop Augustinus so aangegryp oor die val van Rome dat hy vir sy gemeente 'n spesiale preek lewer oor „Die ondergang van die stad".[7]

Waarom die val van die „ewige Rome" vir die heidene so 'n verskriklike skok was, is makliker verstaanbaar as die kerk se ontstellende teleurstelling. Vir hulle, die heidene, was dit trouens die vernietiging van 'n mite van eeue.

Selfs al het hulle die Christelike godsdiens vir hierdie heilige mite ingepas en geëksploiteer, het hierdie aangepaste religie saam met Rome ondergegaan en het dit die einde van hulle politieke toekomsverwagting beteken.

Die vraag oor waarom die val van Rome juis vir die Christendom en vir die kerk so 'n ontsettende skok van teleurstelling en ontnugtering was en selfs die vernietiging van hulle geloofsideale rondom die „Christelike staat", dring hom dus te meer sterker aan ons op; meer nog, dit is die swaar gelaaide aktuele vraag oor die kerk se beskouing oor die staat!

Wat was naamlik die geval aan die begin van die 5de eeu? Wat was toe die kerk se dogmatiek oor die staat? Helaas, juis die val van Rome in 410 het die kerk se onsuiwere, onnoukeurige, onbybelse siening in daardie tyd op 'n radikale, felle manier ontbloot. Dit was iets soos 'n ontmaskering. Juis die kerkgeskiedenis het met sy „dogma" oor die staat in 'n uitsiglose doodloopstraat beland waar dit nie meer teologie, naamlik die kennis van God, was nie maar 'n profane beskouing, 'n Christelike loot wat op 'n heidense stam ingeënt is. Hier het Kerkgeskiedenis en Dogmatiek versand in die onmoontlike situasie waarin die openbaringsgeskiedenis van die Bybel, die kerkgeskiedenis na Pinkster, die afsluiting van die Skrifkanon en die wêreldgeskiedenis met mekaar geidentifiseer is. (Terloops, juis in die identifikasie van openbaringsgeskiedenis, kerkgeskiedenis en wêreldgeskiedenis lê een van die groot misverstande van 'n groot deel van die nuwere teologie.)

Maar laat ons eers weer na die 5de eeu teruggaan. Toe pluk die kerk alreeds die wrange vrugte van die teologie van *Eusebius van Caesarea.* Hierdie biskop van die kerk, die sogenaamde „vader van die kerkgeskiedskrywing", was die man wat die kerk in sy beskouing oor die staat op 'n dwaalweg gelei het. By al die uitnemend goeie werk wat hierdie kerkvader van die 4de eeu gedoen het, o.a. sy tien boeke oor die kerkgeskiedenis, het hy hopeloos gefaal om aan die kerk die suiwer Bybelse visie oor die staat te gee. Laat ons dit baie kortliks juis uit sy beroemde kerkgeskiedenisboekie aandui:

Die groot doel van die kerkgeskiedenis was vir Eusebius dat dit moes uitloop op die dag wanneer die Romeinse staat 'n Christelike staat sou word. En daarom is keiser Konstantyn, die eerste Christelike keiser, vir Eusebius as't ware die grootste held op aarde. Dit is asof die figuur van Konstantyn altyd in alles wat Eusebius skryf, op die agtergrond staan. Hy word met die grootste buitensporigheid beskryf as „die vrome, die salige, die onoorwinlike, die deurligtige". — die *maximus pontifex,* die hoogste priester.[8]

Konstantyn word gesien as 'n hemelse bode van God self.[9] Aan hom het God van bo af, uit die hemel, die verdiende vrug van die vroomheid verskaf, die oorwinningsteken oor die goddelose.[10] Ja, so wonderlik was hierdie Romeinse staat onder keiser Konstantyn in die oë van die Kerkgeskiedskrywer Eusebius – so sê hy – dat alle vrees vir die mense verdwyn het; aan rampe word nie meer gedink nie, en alle goddeloosheid was vergete.[11]

Hier sien ons dan hoedat die Kerk in die 4de eeu op die pad van 'n oorspanne aardse toekomsverwagting gelei is. En so word die Christene burgers van 'n staat waarvan die keiser die draer is van die beeld van die groot Keiser, God self, en so ontvang hy in die gekerstende aardse ryk 'n messiaanse betekenis. Deur hom tree die oorwinning van Christus aan die lig, en in hom word die Bybelse professieë uiteindelik vervul.[12] Hier kry ons dan binne die Kerk van destyds 'n soort chiliasme toegespits op die aardse staat, bloot omdat dit sogenaamd Christelik geword het. Die magtige gekerstende Romeinse Ryk het vir die kerk van die 4de eeu die vervulling van die evangelie geword wat eintlik op die salige afsluiting van die geskiedenis neerkom. Maar met sy chiliastiese tendense word Rome wat Christelik geword het, dan ook juis die begin van die vrederyk op aarde – in die woorde van ons eerste geskiedskrywer, biskop Eusebius – die ryk waar alle vrees en rampe verdwyn en alle goddeloosheid vergete is .

Geen wonder nie, met so 'n staatsbeskouing vanuit die Kerk, maar, helaas, buite die Bybel om, het Eusebius baie moeite met die boek Openbaring, en hy twyfel of die skrywer daarvan ooit dieselfde Johannes kan wees wat die Evangelie geskryf het.[13] Hy kon die Bybelboek Openbaring eenvoudig nie met sy staatsbeskouing versoen nie. Wat hier gebeur het, is dat die eskatologie in die gebeurtenisse uit die tyd van Konstantyn in 'n historiese situasie gestol het wat vir 'n toekomsverwagting van kerk en staat buite die geskiedenis om min ruimte bied.[14]

En met so 'n selfversekerdheid, met so 'n gewaande gearriveerdheid gaan die kerk die begin van die 5de eeu tegemoet – 'n gesekulariseerde, verwêreldlikte geskiedenisoptimisme. Ja, so was Rome, die aardse staat, nog steeds ook vir die kerk 'n mite – 'n gekerstende mite, totdat die Gote met hulle hordes op 24 Augustus 410 die poorte van hierdie „heilige stad" oopbreek en hom stroop en plunder, ook van sy hoogheidswaan.

En wat nou? Beide, die heiden en die Christen, staan dan in 'n moment van

die geskiedenis op 'n kruispad voor 'n uiters donker toekoms ... God laat Hom en sy koninkryk nie uitbuit nie – nie deur die heiden nie, maar ook nie deur die Christen nie!

*****

Maar dan kom die antwoord in hierdie moment van skynbare chaos in die geskiedenis. As Rome – figuurlik gesien – nog 'n smeulende puinhoop is en die geskiedenis van kerk en staat in 'n uitsiglose situasie beland het, dan kom die antwoord uit Afrika. Augustinus, die biskop van Hippo, gaan met die Bybelse visie oor kerk en staat kom. In sy magistrale werk van 22 boeke, sy beroemde *De Civitate Dei* (Die Stad van God), waaraan hy 13 jaar lank gewerk het (van 413 tot 426), vind ons dan vir die eerste keer die nuwe antwoord op die aktuele vraag van kerk en staat in die wêreld. In 'n ander geskrif, naamlik Augustinus se *Retractationes*, gee hy self die redes vir die aanpak van hierdie grootse boek (ek haal vry aan):

> „Intussen is Rome oorweldig deur die inval van die Gote onder aanvoering van hulle koning Alarik, gepaardgaande met groot rampe. Die aanbidders van baie afgode, mense wat ons gewoonlik heidene noem, het toe probeer om hierdie inval aan die Christelike godsdiens toe te skryf, en toe het hulle nog meer as gewoonlik die ware God begin laster. Brandende van ywer vir God se huis het ek besluit om teen hierdie lastering en dwaling hierdie boeke van die Stad van God te skryf ...."

Elkeen wat enigsins van die *De Civitate Dei* kennis dra, sal begryp dat dit heeltemal onmoontlik is om in hierdie beperkte ruimte van minder as 10 bladsye 'n volledige beeld van Augustinus se visie oor die verhouding kerk en staat te gee. Ons volstaan dus met enkele belangrike grepe.

**Ten eerste**

Die groot vraag van die geskiedenis aan die begin van die 5de eeu was:
Was die val van Rome aan die verwaarlosing van die tradisionele heidense staatsgode te wyte?

Augustinus keer hierdie vraag presies om: Dit is juis die feit dat die staat die afgode aanbid en vereer wat die oorsaak van Rome se ellende is. Moenie nou in julle nood en paniek die skuld op die God in Christus pak nie. Nee,

nog lank voor die koms van die Christendom het die heidendom met sy gode alreeds aan die proses van sedelike verval meegewerk, omdat hulle geen vaste norme besit het nie.

Ten tweede

Die treurige toestand van die heidense staat is egter nog veel erger. En dan ontmasker Augustinus die geskiedenis van die Romeinse staat as die geskiedenis van 'n rowerbende. Rome het nog altyd geglo dat sy staat die openbaring van die wil en die guns van die gode was – dit was die mite van Rome. Maar, so sê Augustinus, dit is niks anders as 'n reeks dade van skurke nie. Treffend is sy uitspraak: „Wanneer state die geregtigheid opsy skuif, is hulle niks anders as rowerbendes nie.[15] En dat dit gewoonlik met magshandhawing gepaard gaan, illustreer hy met 'n kostelike voorval uit die lewe van die groot imperatorgeneraal Alexander die Grote:

> Toe 'n gevange seerower deur die generaal gevra word wat hom besiel dat hy sulke dinge soos seerowery pleeg, toe antwoord die man brutaal: „Ek doen presies dieselfde as jy op die aarde. Al verskil is dat ek dit met 'n klein skippie doen, maar jy doen dit met 'n groot vloot"[16).

Ten derde

Teen die agtergrond van die mislukte heidense staat, waar die hulp van afgode geen betekenis het nie – daaroor handel Augustinus se eerste vyf boeke – waar die toekomsverwagting van die heiden ydel en uitsigloos is, het daar in die geskiedenis 'n leegte ontstaan, 'n vakuum, 'n *vanitas.*

En hierdie leegte, hierdie *vanitas,* word dan gevul met die koninkryk van God – die waarheid – die *veritas.*

So staan *vanitas* teenoor *veritas* – waarheid teenoor leegheid, skyn teenoor werklikheid.

Dit is die ander staat, die Godstad – die enigste ewige stad. Dit is die staat waarvan die eindbestemming nie in hierdie wêreld met sy geskiedenis bestaan nie. Dit is hierdie *civitas,* hierdie stad of staat waarmee Augustinus hom dan in die volgende twaalf boeke besig hou.

Ten vierde

Die naam *De civitas Dei* (die stad van God) ontleen Augustinus aan Psalm 87:3, „Heerlike dinge word van jou gesê, o stad van God".[17] Hierdie stad, die *Civitas Dei*, noem Augustitus soms ook die hemelse stad, en hy onderskei dit dan van die aardse stad, die *Civitas terrena*. Hiervolgens onderskei hy in die menslike geslag twee groepe: die een wat volgens die wil van die mens en die ander wat volgens die wil van God leef. Hierdie twee groepe mense, so sê Augustinus, noem ons allegories twee state. Dit is die twee gemeenskappe van mense waarvan die een voortbestem is om in ewigheid saam met God te heers, die ander om saam met die duiwel die ewige straf te ontvang.[18]

Twee ryke, twee state, twee soorte burgerskap, twee liefdes ... In die geskiedenis is hulle nog met mekaar vermeng, maar met die oordeelsdag word hulle finaal van mekaar geskei.

Die eerste keer in die Kerkgeskiedenis, of, as ons wil, in die Dogmatiek, kry ons die nuwe dimensie oor kerk en staat wat radikaal na die dogma van sondeval en verlossing teruggryp. Die een ryk kom uit die Bose — eers uit die sondeval onder die engele en toe onder die mense. Die ander ryk, die koninkryk van God, kom uit sy genade. Dit is dan deurgaans die stryd tussen hierdie twee koninkryke wat die geskiedenis in sy totaliteit beheers.

Ten vyfde

Augustinus beklemtoon verder dat in hierdie stryd tussen die twee state Christus deurgaans regeer. Hy is die Middelaar tussen God en die mense, die Skepper en Herskepper, die Formeerder en Reformator, die Maker en die Hersteller. Juis op hierdie voortdurende heerskappy van Christus in die geskiedenis val die volle nadruk.

Christus bly vir Augustinus ten volle en te alle tye en onder alle omstandighede op alle terreine die Koning. Sy Koningskap is wel dikwels verborge maar is nooit daarom minder reëel nie.[19]

Met hierdie konsekwente Christusregering oor kerk en wêreld dwarsdeur die geskiedenis word Augustinus dan die korrektief op die Kerkgeskiedenisbeskouing van Eusebius en die gangbare mening onder die Christendom van die 5de eeu. Die afwykende lyn waarlangs die oudste kerkgeskiedskrywer die

kerk verkeerd gelei het, word weer na 'n siening vanuit die Heilige Skrif teruggebuig. Die eensydigheid van die chiliasme met sy duisendjarige vrederyk op aarde wat in die gekerstende Romeinse Ryk sy gestalte moes vind, word in Augustinus se groot boek geloënstraf. Maar ook andersyds: daarmee is ook die eensydige toekomsverwagting van die kerkleiers wat hierdie Vrederyk alleen na die einde projekteer, gekorrigeer.

Onder al die grondwaarhede wat Augustinus in sy *De Civitate Dei* na vore bring — en daar is nog baie meer —, bring ons nog net een baie belangrike punt na vore.

**Ten sesde**

Dit gaan oor God se Raadsplan. Vir Augustinus is die diepste motief van die geskiedenis en daarom vir die kerk en die staat die vervulling van God se Raadsplan. En hier is dit Augustinus die anti-Pelagiaan wat aan die woord is, wat konsekwent vashou aan die ander feitlike gebeurtenis, naamlik die sondeval, maar terselfdertyd aan God se wil tot verlossing. En hierdie wil tot verlossing is die diepste motief van God se herskepping in die voortgang van die geskiedenis nadat die skepping geskend is — in die Raad van God.[20]

Kort en kragtig: Dit het God behaag!

En die konsekwensie hiervan is God se predestinasie. Per slot van rekening lê die verskil tussen die twee state nie in die gesindheid van die mens, ook nie in die wilsbeskikking van die mens nie maar in die ontfermende genade van God. Alleen in sy hande lê die lot en die bestemming van mense en volke.[21]

Om by 'n finale eindresultaat oor Augustinus se *De Civitate Dei* vir 'n siening van kerk en staat te kom bly nog altyd in die Teologie 'n haas onbegonne taak. Die taak word egter vergemaklik as ons nooit vergeet om hierdie boek in sy historiese konteks te gaan plaas nie. Daar is 'n hemelsbreë verskil in begrip vir hierdie geskrif tussen die biskop wat dit in die 5de eeu in 'n kloosterbiblioteek êrens in Italië naslaan, en die staatsleer-akademikus of die dogmatikus teen die einde van die 20ste eeu aan een van ons moderne universiteite. Onthou altyd die jaartal 410. Kyk voortdurend goed na die Romeinse staatspuinhoop van destyds maar luister ook goed na die kerk se klaagtoon. Hou rekening met die kerkleiers se ondergangstemming en die Christene se geloofsvertwyfeling te midde van die wêreldkrisis as die Gote

baas is oor die *Roma aeterna.*

Noordmans sê dit so radikaal: Die ontstaan van Augustinus se Stad van God is op geen ander oomblik in die wêreldgeskiedenis denkbaar nie. Nog nooit het 'n skrywer so intens tegelyk na bo en na onder, na die verlede en na die toekoms gekyk nie. Nêrens het die ewigheid en die eeue so naby aan mekaar gekom of het die profeet en die geskiedskrywer so in mekaar opgegaan nie.[22] In *De Civitate Dei* slaan die weerlig van die evangelie oor die hele veld van die politieke wêreldgeskiedenis.[23]

Wat is dan ten slotte met een woord die unieke, die besondere en vir sy tyd die nuwe in Augustinus se beskouing oor kerk en staat in hierdie boek?

Dit is sy *uitgangspunt.* Dit is die plek waar hy gaan staan het om die kerk en die wêreld te bekyk. Laat ons hom bestorm met ons kritiek vanuit ons Christelike dogmatiek of staatsfilosofie – die toring waarop Augustinus staan, kan ons nie omverwerp nie: dit was die Openbaringsgeskiedenis oftewel die Bybel. Vanuit die Openbaringsgeskiedenis as sy uitkyktoring oorsien hy die hele veld van die wêreldgeskiedenis wat hier die geskiedenis van die staat Rome is, die twaalf eeue van die *civitas terrena,* die stad van die wêreld, in die verlede, maar hy kyk ook profeties die toekoms in – die twaalf eeue tot by die Reformasie van die 16de eeu.

En wat sien hy nog verder? Uit die newels van die eindtyd sien hy die opkoms van die *Civitas Dei* in sy volmaaktheid. En hy sien duidelik deur die stryd van die mensdom heen die marsroete van God se volk, die kerk van sy Koning Jesus Christus.

Vir die verstaan van Augustinus se ontsagwekkende boek is kennis van die Griekse filosofie baie belangrik en die agtergrond van filosofiese denkbeelde, soos bv. die Neo-Platonisme, is soms selfs beheersend en dit is miskien van die leemtes in hierdie werk. Maar die feit bly staan: hierdie kerkvader uit Afrika het nie sy inspirasie uit die wêreldse filosofie gaan haal nie maar uit die Bybel.

Die historiese denke van Israel se profete en die verlossingsgeskiedenis wat soos 'n goue draad deur die Skrif loop en die toekomsprofesieë van die Nuwe Testament, was Augustinus se lig wat hy in die skemerte van die naderende Middeleeue laat inskyn het.

By so 'n geskiedenisbeskouing waarin die Bybel die uitgangspunt is en die Openbaringsgeskiedenis die enigste verklaringsgrond vir wêreldgeskiedenis en kerkgeskiedenis, kon die Reformasie van die 16de eeu aansluit. Dit is byna verstommend in hoe 'n mate die Hervormers en met name Calvyn na Augustinus teruggryp.

Nie die Humanisme met sy bravaderoem dat hy die mens herontdek het en dat dit alleen die mens is wat geskiedenis maak nie ...;

nie die Renaissance met sy herontdekking van die ou Hellas en Latium en daarmee weer teruggryp na die *Roma aeterna*, die ewige Rome, hier op aarde nie ...;

maar die Reformasie, wat 'n herontdekking van die Woord was –

dit vind oor die newels van die Middeleeue heen weer by Augustinus 'n baken om die koers te toets.

Per slot van rekening bly die geskiedenis van kerk en staat deurgaans 'n geskiedenis „deur die geloof", en die burgers van God se stad is, soos Augustinus sê, hier nog steeds met die burgers van die bose stad vermeng. Daar is, so sê hy, nog sprake van 'n *corpus permixtum*, 'n vermengde liggaam. Die koring en die kaf is nog nie finaal geskei nie. Die skape en die bokke loop nog deurmekaar. Maar die rigting en die pad wat nou alreeds bewandel moet word, die marsroete wat daagliks deur stryd heen gevolg moet word, is duidelik uitgestippel. Die brief aan die Hebreërs beskryf hierdie optog deur die geskiedenis as mense wat na 'n beter vaderland verlang omdat God daar vir hulle 'n stad berei het (Hebr. 11:16) – dit is die stad met fondamente waarvan God die boumeester en oprigter is (v. 10).

Hier in die suide van Afrika werk ons met 'n siening oor kerk en staat wat 15 eeue gelede in die noorde van Afrika ontstaan het. Destyds het die Romeine alreeds gesê: „*Ex Africa semper aliquid novi*" – uit Afrika altyd iets nuuts.

Is dit nog vir ons moontlik om op hierdie brandende vraagstuk 'n antwoord te gee?

Die kerkhistorici kan ten minste help!

Maar die voorwaarde is beslissend: Dan sal ons die regte bakens moet vind en die regte opmetings moet maak. John O'Meara, die Ierse Augustinuskenner uit Dublin, was baie reg toe hy beklemtoon het dat die *De Civitate Dei* nie alleen 'n sleutel is om die verlede te verstaan nie, maar ook 'n bron van troos en hulp in die huidige kritieke tye en 'n onseker toekoms. Hier, so sê O'Meara, het ons 'n oktrooi, 'n beginselgrondslag vir die toekomstige Christendom.[24]

## VERWYSINGS

1. Volgens Marcus Varro (116-27 v.C.), een van die geleerdste Romeine, is Rome in 754 v.C. gestig. Hierdie datum word algemeen deur historici aanvaar – kyk ook *Christelijk Encyclopedie,* deel 6, 1956, bl. 657.
2. Vgl. J. Wytzes, Augustinus: „De Staat Gods", Kampen, 1947, bl. 7.
3. Ibid.
4. O. Noordmans, Augustinus, Haarlem, 1952, bl. 42.
5. W. van 't Spijker, Reformatie en Geschiedenis, Goes, 1977, bl. 30.
6. J. O'Meara, Charter of Christendom: The Signifance of the City of God, New York, 1961, bl. 5-5.
7. J.W.C. Wand, St. Augustine's City of God, Londen, 1963, bl. xii.
8. Eusebius se Kerkgeskiedenis, VIII, 17, 4 – vertaling van H.U. Meyboom, Oud Christeliike Geschriften, Leiden, 1908, deel III, bl. 410. Vgl. ook *J.E.L. Oulton,* Eusebius – The Ecclesiastical History (Engelse vertaling), deel II, Londen 1969, bl. 479 e.v.
9. Van 't Spijker, a.w., bl. 29-30.
10. Meyboom, ibid., bl. 524.
11. Ibid, bl. 526.
12. Van 't Spijker, a.w., bl. 29-30.
13. Ibid.
14. Ibid.
15. Wytzes, a.w. bl. 41.
16. Ibid.
17. Ibid, bl. 24.
18. Ibid, bl. 12.
19. Van 't Spijker, a.w. bl. 34.

20. Ibid, bl. 38.
21. Ibid, bl. 39.
22. Noordmans, a.w. bl. 162.
23. Ibid, bl. 81.
24. O'Meara, a.w. bl. xi.

***